**CAYA- ELEMENTARY** is begin vir kinders wat in die middae na skool Engels wil leer. Baie wat reeds die program CAYA-KINDERS voltooi het, gaan dan voort met die program om meer van God se Woord te leer.

**CAYA- HOMESTAY** is 'n nuwe toevoeging tot die Caya-bediening. Mense van alle ouderdomme kom net soos hulle is en ervaar die daaglikse Christelike lewe en gasvryheid in 'n plek waar die kultuur verskillend van hulle s'n is, en Engels gepraat word.

**CAYA- MINISTRIES** is deel van die Engelse Evangeliese Program. Dit het verskaf baie geleenthede om die saad te saai. Wanneer mense belangstelling toon in die Christilike lewenswyse, stel ons hulle aan die plaaslike kerk voor. Dit is wonderlik om te sien hoe leerlinge en selfs gesinne begin kerk toe gaan en vriende met ander Christene maak.

## *WÊRELD EKSPO 2025-UITREIK*

Die Wêreld Ekspo van 2025 kom van die middel van April tot die middel van Oktober na Osaka. Daar word gereken dat 28 miljoen mense van omtrent elke land in die wêreld dit sal bywoon. Dit bied 'n uitstekende geleentheid om uit te reik na baie mense. Kontak asseblief Japansending indien u sou belangstel om betrokke te raak by die uitreik, of uitdeel van traktaatjies op die Ekspo terrein. Japansending sal die traktaatjies voorsien. **Bid** asseblief dat baie bereik sal word.

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Slakke pos kom onafgelewer terug. Sal u assblief so gaaf wees om 'n e-pos te stuur indien u enige navrae of van adres verander het.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**DAVID EN SUE VERWEY BEPLAN OM SUID-AFRIKA GEDURENDE 2026 TE BESOEK**
**Kontak ons gerus indien u 'n besoek wil beplan of 'n vergadering wil reël.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

**MAART/APRIL 2025**

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

*Geroep om te dien*

## GEROEP OM TE DIEN



*Ed en Toby Thomas*

Ed en Toby Thomas is in Texas, VSA, getroud. "Vroeg in ons huwelik het die Here ons tot voltydse diens vir Hom geroep," het Ed vertel.

Nadat Ed werk as 'n kliniese ingenieur gekry het, is hy aangestel as 'n veldverteenwoordiger vir maatskappy wat mediese toestelle vervaardig. Dit het daartoe gelei dat hy gedurende 1992 baie reise na Japan moes onderneem.

Gedurende hierdie reise kon Ed goeie verhoudings met mediese beroepsmense en sakemanne ontwikkel. Hy kon God se liefde met hulle deel en 'n getuie wees vir baie. God het 'n spesiale las op Ed en Toby se harte gelê om vir die mense met hy kontak gehad het, te bid.

Terwyl hulle kinders ouer en onafhankliker geword het, het hulle die Here se wil gesoek oor wat Hy wil hê dat hulle na hulle aftrede moet doen. "Ons het ***Die Groot Opdrag*** ernstig opgeneem. Deur die jare het ons bly bid en navorsing gedoen oor waar die Here wil hê ***ons moet dien***," vertel Toby verder.

"Die Bybelvers, Romeine 12:2 was hulle riglyn:

***'En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God***

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 603-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754 • www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Tel: (012) 337-1533 • Sel: 078 306 9839**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**"Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Stuur asb 'n e-pos na japansendingrsa@gmail.com indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur."**

***as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.'***

"Terwyl ons gebid het, het die Here met ons spesifiek gepraat oor voltydse sendingwerk," sê Ed.

Hy verduidelik verder: "Ons is verstom as ons dink aan al die maniere waarop God gebeure in ons lewens georkestreer het, sodat ons kon besin oor waar ons lewenservaring raakpunte het met die drang om die evangelie uit te dra onder spesifieke ongeredde mensegroepe.

"Terwyl ons gebid het, het ons daarvan bewus geword dat die Heilige Gees ons na Japan lei. Ons het toe kontak gemaak met 'n groot aantal sendingstasies en sending-agentskappe wat bedienings in Japan het.

"In 2019 het ons 'n hele aantal reise vir werksdoeleindes en ook om uitreikmoontlikhede te ondersoek, onderneem.

"Net toe ons begin momentum opbou en ons besig was om 'n ***sendingreis*** vir die lente van 2020 te beplan, het die Covid-pandemie 'n einde gebring aan al óns planne, maar wel nie aan God s'n nie!

"Gedurende die drie jaar wat ons in Texas moes bly, het Hy sy visie vir ons bediening uitgesorteer, verander en verfyn. Hy het ons ook verder voorberei vir die pad waarop Hy wou hê ons moet loop!

"In Januarie 2023 het ons weer 'n reis na baie dele van Japan onderneem en 17 verskillende sendingagentskappe en kerke besoek. Ons het oor die 60 mense in omtrent drie weke ontmoet. Ons is werklik geseën om te sien op hoeveel maniere God gewerk het onder die mense van Japan.

"Dit was gedurende hierdie reis wat ons die stem van God helder gehoor het en gelei is om aansoek te om by Japansending te doen.

"Japansending se moto is ***Geroep tot Diens***. Ons het gevind dat die sending se bedieningsdoelwitte met ons s'n ooreengekom het.

"Omdat ons weergebore is, is ons hartsbegeerte om die Japannese kerk lief te hê, te ondersteun en te dien. Ons voel ook verplig om die die Japannese wat nog nie ons dierbare Here en Redder ken nie, lief te hê en te dien.

"Ons voel nederig daaroor dat ons kon antwoord op dié roepstem. Ons weet dit is God se hartsbegeerte dat diegene wat Hom nog nie ken, ook sy stem sal hoor en uiteindelik sal antwoord "***Ja, Here. Ek wil U volg!***"

## BEDIENING IN JAPAN

Ed en Toby Thomas het vanaf Houston, Texas in Januarie 2024 as voltydse werkers by Japansending aangesluit.

Na 'n kort rukkie in die taalskool het hulle by die ***Engelse Evangeliese Program*** betrokke geraak. Hulle het alreeds deur hierdie bediening die geleentheid gehad om die liefde van God en sy Woord met baie te deel. ***Bid*** vir wysheid en sterkte vir Ed en Toby, en dat die studente Jesus Christus ten volle sal leer ken.



Vanweë Ed se vorige werk het hy 'n uitgebreide netwerk van vriende in die mediese professie en met sakemanne in verskeie dele van Japan gehad. Hy het verskeie geleenthede gehad om hierdie verhoudings te versterk en ook teenoor hulle te getuig. **Bid** dat die Heilige Gees in die mense se harte sal kom woon.

Die Here het ook op Ed en Toby se harte gelê om 'n **gasvryheidsbediening** te begin. God het vir hulle 'n woonstel met drie slaapkamers en 'n huis met vier slaapkamers, 'n tuin, 'n pizzaoond en braaifasiliteite voorsien. Daarheen kon hulle al reeds baie mense uitnooi om te kom ontspan en Christelike gasvryheid te ervaar. Terselfdertyd kon die gaste met 'n ander kultuur te doen kry en ook meestal in Engels gesels.

Brosjures is opgestel en korttermynbesoekers van alle ouderdomme kom soontoe. Hierdie soort uitreike bied unieke geleenthede om die evangelie met baie Japannese te deel.

**Bid** dat mense ontvanklik sal wees vir die evangelie en dat die saad van God se Woord op **goeie grond** sal val en floreer.

## BID VIR DIE THOMASGESIN

Ed en Toby is die trotse ouers van drie volwasse kinders: Kyle (27), Chase (26) en Amanda (22). Hulle is al drie werksaam in die VSA.

Kyle is onlangs getroud met Alyssa (27) wat hulle eerste kind verwag. Bid dat alles tydens die geboorte goed sal afloop.

**Bid** dat God hulle kinders sal seën en beskerm, terwyl Ed en Toby die Here in gehoorsaamheid in Japan dien.

## CAYA BEDIENING

Wanneer ons uitreik na die Japannese begin ons gewoonlik met iets waarin hulle geïnteresseerd is. By baie is daar die behoefte aan samesyn. Dis waarom ons met CAYA begin het, wat staan vir ***"Come As You Are"***. Die doel is om 'n ruimte te skep waar Japansendingwerkers God se liefde met mense kan deel en kontak kan maak met mense van die gemeenskap. In die Japannese gemeenskap is daar min plekke waar mense aanvaar word net soos hulle is, maar dit is wat God se genade vir ons doen. Dit omvou ons net soos ons is.

**CAYA-CAFÈ** is deel van hierdie bediening. Elke Saterdagmiddag kom tot 40 besoekers van die gemeenskap saam om oor 'n koppie koffie of tee te kuier, te gesels en pret te beleef.

**CAYA-ENGLISH** is 'n ander deel van die bediening aan volwassenes. Wanneer ons bevriend raak met die mense, kom hulle later saam na die Engelse klasse en die Engelse kampe en daar hoor hulle meer van God se Woord.

**CAYA-KINDER** is 'n program waar kinders van 2 tot 6 jaar kom speel en Bybelstories in Engels hoor. Van die ouers sluit dikwels by hulle aan.